# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

**AFKONDIGINGE: 13 OKTOBER 2019**

*"Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting!" (Jeremia 29:11)*

## PROGRAM VIR VANDAG:

**09:00—Eredienste**
Kerk (ds Danie)
Vleesbaai (ds André)

Spesiale Offer vir Herberg Kinderhuis

**KATEGESE/KINDERKERK:**

| | |
|---|---|
| Gr R-6 | Kinderkerk in die saal |
| Gr 7-8 | In die "gat" |
| Gr 9-10 | Soos ds Robert reël |
| Gr 11 | 10:00 in die "gat" |

## VOLGENDE SONDAG:

**09:00—Eredienste**
Kerk (ds André)
Vleesbaai (ds Danie)

Spesiale Offer vir Radiokansel

**KATEGESE/KINDERKERK:**


| | |
|---|---|
| Gr R-6 | Kinderkerk in die saal |
| Gr 7-8 | In die "gat" |
| Gr 9-10 | Soos ds Robert reël |
| Gr 11 | 10:00 in die "gat" |

## AKTIWITEITE VIR DIE WEEK:

**KLEINGROEPE:** Vergader soos onderling gereël. Nuwelinge kan die kerk-kantoor (tel. 6903552) kontak vir meer inligting.

**MAANDAG:** 15:00 Bybelstudie Santos 2 (ds Danie)

**DINSDAG:** 09:00 Bybelstudie in die "gat"(ds Robert)
09:30 Bybelstudie konsistorie (ds Danie)
09:30 Bybelstudie saal (ds André)
19:00 Bybelstudie Tienie Bothastr (ds Danie)



**WOENSDAG:** 09:30 Vroue saambid in saal
15:30 Biduur Santos Haven(ds André)

**DONDERDAG:** 06:00 Manne saambid in saal
18:00 Kerkraad saambid

### NUWE MENSE

**Baie hartlik welkom in ons Christus-familie!**
Ontmoet die dominee na die diens voor by die preekstoel.
Kom geniet 'n koppie tee/koffie na afloop van die erediens.

# IN FOKUS:

**KOSKAS:** OKTOBER is Streek A se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en gevriesde produkte, asook kontantbydraes kan by die kerkkantoor of die dienswerker afgegee word. Joey (073 2988 142).




**DEUROFFERS:** Spesiale offer vir die Matrixpedisie was R2930-80.

**TE KOOP:** Rosyne R50p/kg by die kerkkantoor.

**KERSSANGDIENS:** Maak solank 'n nota in jou dagboek vir 17 November. Meer inligting later.

**KERKRAAD BID:** Die kerkraad het besluit om een keer per maand saam te bid. Alle lidmate word genooit om daarin te deel. U is welkom! Donderdag, 17 Oktober om 18:00 in die saal.

## HAP EN KRAP

Ons hou weer DV op **26 Oktober** vanaf 08:00 tot 11:00 'n HAP-EN-KRAP in ons kerksaal. Goeie tweedehandse klere, wit olifante en kitsetes sal verkoop word: Kerrie en Rys R15; Kerrie vetkoeke R10; Hoenderpasteie R15; Boereworsrolle R15; Pannekoeke R5 en Poeding R10. Daar sal ook weer 'n koffie/teetuin wees met heerlike gebak. Merk solank die datum en vertel vir u vriende en werksmense. U kan asseblief enige artikel wat in u huis is, wat u nie meer gebruik nie, na die kerkkantoor bring. Niks is te groot of te klein nie! Breekgoed, beddegoed, messegoed, potte en panne en meubelment verkoop goed. Ons het baie wit olifante nodig!





## VAKATURE: KOSTER

Ons nooi gemeentelede jonger as 55 jaar uit om aansoek te doen vir die pos van koster.

<u>Die geskikte kandidaat moet oor die volgende beskik</u>:

# goeie organisasievermoë
# goeie fisies en geestelik gesondheid
# vermoë om kleiner herstelwerk en verfwerk by die kerk se geboue te doen
# goeie tuinbouvaardighede
# 'n bestuurslisensie en 'n motor hê
# 'n aangename en vriendelike persoonlikheid
# dienswillig en hardwerkend
# goeie kontrole en toesig kan uitoefen
# kennis van klanktoerusting en die hantering daarvan
# 'n belydende lidmaat van die gemeente wees



<u>Die pos behels die volgende werksaamhede</u>:

# Toesig en beheer oor en instandhouding van kerkterrein, tuin, geboue en toerusting.
# Hulpverlening in verband met die effektiewe uitvoering van gemeente aktiwiteite.
# Weeklikse skoonmaak van kerkgebou, kerksaal en kerkterrein, sodat alles netjies en gereed is wanneer vir byeenkomste benodig word. Alle lokale moet weekliks skoongemaak word, al word dit nie die betrokke week gebruik nie. 'n Algemene hulp is op Vrydae beskikbaar.
# Kleiner instandhoudingswerk aan kerkgeboue en saal, asook meubelment en toerusting in die genoemde geboue soos aangevra deur die Eiendomskommissie.
# Toesig en beheer oor alle toerusting en meubelment.
# Take ter voorbereiding vir, tydens en na afhandeling van byeenkomste. (Dit het betrekking op oop- en toesluit van geboue, instel van klanktoerusting, ens).
# Reël van tuindienste om gras te sny wanneer nodig.
# Behulpsaam met bank van gelde en poshantering.
# Hulpverlening aan ander gemeentepersoneel wanneer moontlik.
# Skoonmaak en voortgaande instandhouding en opknapping van alle blombeddings en akkers rondom kerkgeboue.
# Opdragte wat die Eiendomskommissie, die Administratiewe Hoof en die Voorsitter van die Kerkraad mag gee.
# Beskibaar vir begrafnisse, huwelike en na-ure skoonmaak van geboue wanneer daar funksies was.
# Beman klankbord gedurende eredienste.
# Voorbereidings vir die koffiedrink na eredienste.

*Werksure en salaris sal met die geskikte kandidaat onderhandel word.*

# GEBEDSBULLETIN

***Oktober se tema*****:  NEDERIGHEID**
***Fil 2:3 in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself.***

## DANKSEGGING:

* Vir Christus se voorbeeld van nederigheid (menswording, voete was, ens).
* Vir die toewyding en diensbaarheid van ons gemeente se amptenare.
* Vir gebedsbyeenkomste in Mosselbaai (bv Sondag by Indwe Sekondêre Skool in kwaNonqaba).
* Talle projekte landwyd en plaaslik tov droogtehulp.

## GEBED EN SMEKING:

* Herberg Kinderhuis op Robertson - personeel, huisouers en kinders.
* Kersssangdiens.
* Geweld in skole - dwelms, bendes, rassisme, swak dissipline.
* Die aanstel van 'n nuwe koster.
* Gemeentes se "ontvangs" van die besluite van die Algemene Sinode.
* Matrieks - die eindeksamen wat voorlê.
* Ons land - droogte, ekonomie, onrus, herlewing.






**VOORBIDDING GEVRA VIR:**
Inwoners van Santos Haven se drie siekeboeë, Kenani, Huis Elsjé, Benevolent Park, Ons Huis, Huis Caro en Ons Rus. Die volgende lidmate herstel na operasies, hospitalisasie, siekte tuis, of beleef ander krisisse:

*Ina-Marie Wentzel Tienie Bothastr, Hannes Theron, Edgar Furnessstr, André du Preez Hoogstr, Pieter van der Spuy Protea aftreeoord, Isak van der Merwe Beldonstr, Rika Stander JB Millerstr, Hennie van Greunen Da Gamastr, Sophie Joubert Benevolent park, Petro Alberts Benevolent park.*




# PERSONEEL INFO:

**KERKKANTOOR:**
Telefoon: 044-690 3552
ngkerkmsb-suid@absamail.co.za

Kantoorure:
Maandag 10:00—12:30
Dinsdag—Vrydag 07:30—12:30

**KASSIER, SAALBESPREKINGS, ONTVANGS, LIDMAATREGISTER:**
Maretha Fourie 044-690 3552

**SKRIBA, FINANSIES, ADMIN– EN KOMMUNIKASIEBEAMPTE:**
Lezelda Faul 044-690 3552

**KOSTER:**
Nic Olivier 072 485 1316

**ORRELIS:**
Cobus du Toit 072 645 3194

**PREDIKANTE:**
Ds Danie: 044-691 1450
084 701 4386
dsdansmit@gmail.com
Ds André: 044-693 2462
084 613 2462
andrekritzinger01@gmail.com
Ds Robert: 044-691 2244
084 684 1304
robmar@cybersmart.co.za

**FINANSIËLE BYDRAES:**
**Vir dankoffers & spesiale projek bydraes:**
NG Kerk Mosselbaai-Suid
ABSA tjek—207 058 0031
(indien jy vir 'n spesiale projek bydra, gee jou naam en projek by die verwysing)
**Vir Geloofsgelofte-bydraes:**
NG Kerk Mosselbaai (GBO)
ABSA tjek—207 016 7886